



***Psalm 73:28: “Maar wat my aan-
gaan, dit is vir my goed om naby
God te wees.”***

Die digter van Psalm 73 het geworstel met die probleem hoe dit verklaar kan word dat dit oënskynlik met die goddelose op aarde so goed gaan en met hom as kind van God so sleg. Dit was vir hom so ontstellend dat dit vir hom gevoel het of hy op die punt is om sy geloof in God te verloor. Toe het God hom tot die insig gebring dat die Here altyd, ook in sy nood, by hom was en ook in die toekoms altyd by hom sal wees. Toe hy dit beseft het, het hy veral een groot voorneme gehad en dit is om altyd naby God te wees.

Voor die sondeval het die mens naby God gelewe. Deur die sonde het daar verwydering tussen God en mens gekom. Toe het God self weer die inisiatief geneem en sy Seun na ons toe gestuur. Hy het mens geword. Aan die kruis betaal Hy vir ons sonde en neem die verwydering weg wat daar tussen God en ons was. Op Pinksterdag kom Hy nog nader aan ons en kom woon Hy deur sy Gees in ons.

Daarmee is daar egter ook 'n groot roeping op ons geplaas en dit is om van ons kant alles in ons vermoë te doen om naby God te lewe. Die vraag is: Wat moet ons in die praktyk doen om naby God te lewe? Die volgende is enkele riglyne vir die praktyk:

- Bestudeer God se Woord. Doen dit so dat jy verstaan wat God aan jou wil sê.
- Dink na oor wat Hy in sy Woord aan jou sê (Ps. 1:2).
- Volhard in die gebed. Bid en dank gereeld. Bid opreg en met vertroue op God.
- Stry teen die sonde in alle opsigte en voorkom so dat jy die Heilige Gees bedroef.
- Leef aktief mee met die kerk tydens eredienste en andersins. Beoefen die gemeenskap van die gelowiges.
- Leef jou geloof uit in voorbeeld, woord en daad. Moenie net die Woord van God hoor nie, maar doen ook wat Hy sê (Jak. 1:22).

Deur dit alles te doen sal ons werklik naby aan God lewe en ook die seën van sy nabyheid ervaar.



Publikasie
Publication

